

HOOFSTUK 4

'N POSITIEWE HERBENADERING VAN DIE DOGMA- EN GEWETENSKLOUSULE

4.1 INLEIDING

Om nou hierdie dogmaklousule (onder bespreking) in ooreenstemming te bring met christelike onderwys wat die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge eerbiedig, soos beoog deur Wet 39 van 1967, is dit noodsaaklik dat dit positief herformuleer word.

Vir 'n positiewe herbenadering van hierdie dogma- en gewetensklousule word in hierdie hoofstuk met enkele riglyne aangetoon wat by so'n herformulering in gedagte gehou moet word. Met hierdie doel voor oë word daar in die volgende paragrafe besin oor -

- (a) Godsdiensonderrig as bepalende faktor by die vorming van die lewens- en wêreldbeskouing;
- (b) Die aard van godsdiensonderrig op skool;
- (c) Die eis van die doel van die godsdiensonderrig;
- (d) Die geloofsoortuiging van die onderwyser;
- (e) Die geloofsoortuiging van die ouers;
- (f) Die dogma- en gewetensklousule in ooreenstemming met Wet 39 van 1967;
- (g) 'n Samevatting van riglyne vir herformulering van die dogmaklousule;
- (h) 'n Voorgestelde herformulering;
- (i) 'n Samevattende oorsig.

4.2 GODSDIENSONDERRIG AS BEPALENDE FAKTOR BY DIE VORMING
VAN DIE LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING

Godsdiens impliseer diens aan God op alle lewens-terreine. Godsdiensonderrig is dus onderrig in die diens aan God op alle lewensterreine. Hieruit volg dus dat alle aspekte van die skoollewe die stempel van dié soort godsdiensonderrig wat in die betrokke skool gegee word, sal dra. Indien godsdiensonderrig die sentrale plek in die skool inneem en met erns en toewyding onderrig word, vorm dit die belangrikste faktor by die bepaling van die gees en rigting van die skool.

Een van die belangrikste doeleindes van die christelike onderwys is die toerus of aankweek van 'n christelike lewens- en wêreldbeskouing. 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing vereis 'n christelike skool. Oral waar daar erns gemaak word met die behoud, voortplanting en uitbouing van die christelike lewens- en wêreldbeskouing is die christelike skool 'n vanselfsprekende noodsaaklikheid. 'n Christelike skool word beheers deur dié religieuse grondmotief van die christelike beskawing. Eers wanneer die skool (in samewerking met die ouers) christelik-beskaafde seuns/dogters vir hulle toekomstaak voorberei het, vervul die skool (met die ouer) sy Godgegewe taak.

Kinders van ouers wat 'n reformatories-christelike lewens- en wêreldbeskouing huldig, moet dus met die calvinistiese of reformatories-christelike lewens- en wêreldbeskouing toegerus word. 'n Kleurlose en neutrale godsdiensonderrig sal 'n kleurlose en neutrale lewenshouding by die kind tot gevolg hê. Indien die godsdiensonderrig aan die Afrikaanse skool kleurloos en neutraal is, kan dit 'n groot bydrae lewer tot die ontkerstening van die Afrikaanse volk.

Elke onderwyser het 'n lewens- en wêreldbeskouing. Neutraliteit is ook 'n lewens- en wêreldbeskouing. Elke onderwyser dra, bewus of onbewus, sy lewens- en wêreldbeskouing op die kinders oor. Sommige vind hulle belydenis in die een of ander lewensfilosofie, 'n ander weer in 'n bepaalde lewenskode en nog een in die belydenis van sy kerk.

Die skool in al sy aktiwiteite weerspieël 'n gees en rigting wat bepaal word deur (of in ooreenstemming is met) die lewens- en wêreldbeskouing van die hoof en personeel van die betrokke skool.

Die bron vir die lewens- en wêreldbeskouing (in ruimer sin) van die christen-onderwyser is die Bybel. Vir hom het die Bybel normatiewe gesag. Vir hom is die Bybel die geïnspireerde Woord van God, die onfeilbare reël van die geloof in sy ganse lewe. Die Bybel is vir hom die hoogste hof van appél, want niks of niemand mag met die Skrif gelyk gestel of hoër as die Skrif geag word nie. Omdat dit vir hom die geldende norm op alle lewensterreine is, is die Skrif normatief met betrekking tot die onderwys. Omdat die christengelowige onderwyser sy beginsels vind in die één onveranderlike en enige Woord van God, die Bybel, wat altyd dieselfde bly, het sy onderwys wat op hierdie onfeilbare Woord gebaseer is, 'n sekere eenheid, kontinuïteit en rigting, dus sin en betekenis.

In enger sin word die christelike lewens- en wêreldbeskouing gevind in die kerklike belydenis. En waar die oorgrote meerderheid onderwysers in ons Afrikaanse laer- en hoërskole belydende lidmate is van kerke wat die gereformeerde leer onderskrywe, staan dié onderwysers as verteenwoordigers van die ouers (in loco parentis) voor dié se kinders, en is hulle dus ook gebonde om dié soort onderwys te gee wat in ooreenstemming is met die lewens- en wêreldbeskouing (in enger sin) van die ouers - kragtens die doopbelofte van die Gereformeerde (in ruimer sin bedoel). Dié gereformeerde belydenis staan in die nouste verband met die Heilige Skrif waarin dit gewortel is en waaruit dit voortspruit. Dit kan nooit met die Skrif gelyk gestel en nooit bokant die Skrif gestel word nie. Dit bly ondergeskik aan die Bybel en moet altyd aan die gesag van die Bybel getoets word. Dié belydenis is dus 'n geskrif waarin die kerk verklaar wat hy aanneem as die waarheid soos dit vir hom in die Heilige Skrif vervat is. Dit is dus 'n subjektiewe verklaring, nie van die enkeling nie maar van die gesamentlike en histories beproefde

uitdrukking van die geloof van die gemeente van Christus. Hierdeur bely die christengelowige die waarheid voor alle mense (ook in die klaskamer) soos die Woord van God dit aan hom opgedra het, en so moet hy die Woord van God teenoor alle bestryders en ongelowiges handhaaf. Dit is wat die Gereformeerde voor God en die gemeente van Christus bely het toe hy belowe het om dit aan sy kinders te onderrig of te laat onderrig.

Hierdie belydenis van die gereformeerde leer sluit o.a. in "*Die Twaalf Artikels*"⁽¹⁾, en daarom kan die godsdiensonderrig nooit los van dié belydenis onderrig word nie.

Die christengelowige onderwyser kán dus nooit neutraal staan in die aanbieding van godsdiensonderrig in die skool nie.

Die eerste riglyn vir die positiewe herformulering van die dogmaklousule is dus:

Die godsdiensonderrig aan 'n skool moet op een lyn staan met die lewens- en wêreldbeskouing van die ouers wie se kinders daar onderrig word. As ons erns wil maak met die behoud van ons reformatories-christelike beskawing en tradisie, moet die moontlikheid deur wetgewing daargestel word om reformatories-christelike (d.i. gereformeerde) godsdiensonderrig te doseer. Geen reformatories-christelike beskawing kan met 'n "neutrale" (d.w.s. humanistiese) skool en godsdiensonderrig in stand gehou word nie.

'n Tweede riglyn vir die positiewe herformulering van die dogmaklousule is:-

Die geloofsoortuiging van die onderwysers en dié van die ouers moet ooreenstem. Kinders van reformatories-christelike (d.w.s. gereformeerde, in ruimer sin bedoel) ouers moet gereformeerde gods-

(1) Handboek van instruksies vir die leiding van hoofde van skole. T.O.D. 1956/7, p.85, 9(2)(c).

diensonderrig ontvang van gereformeerde onderwysers.

'n Derde riglyn:-

Wetgewing moet die onderwyser in die uitoefening van sy Godgegewe taak nie beperk nie, maar vrylaat om sy eie geloofsoortuiging aan die kinders oor te dra.

4.3 DIE AARD VAN GODSDIENSONDERRIG OP SKOOL

Godsdiensonderrig op skool impliseer godsdiensonderrig uit die Bybel. Die Bybel is die besondere openbaring van God aan die mens.

So word daar in die inleiding van die Transvaalse Onderwysdepartement se sillabus vir godsdiensonderrig (laer- en hoërskool) onder die opskrif *"Algemene beginsels wat by die onderwys in hierdie uiters belangrike vak in aanmerking geneem moet word"* die volgende bely: *"Hierdie leergang is gebaseer op die Bybel as die geïnspireerde Woord van God" en "Die Skrif is Christosentries daarom moet alle godsdiensonderrig ook so gerig wees".*⁽²⁾

Wanneer die T.O.D. hier bely dat die Bybel deur God geïnspireer is, is dit 'n belydenisdaad, wat nie anders as leerstellig is nie. Hieruit is dit duidelik dat die T.O.D. ook nie van die onderwyser verwag om neutraal te staan nie. Om byvoorbeeld die Bybel te sien *"as die geïnspireerde Woord van God"* is 'n sterk gelaaide dogmatiese uitspraak; in ons tyd word dié stelling deur baie christelike kerke betwis. Selfs binne kerke wat uit die Reformasie spruit en waar die Skrifbeskouing van die Switserse teoloog, Karl Barth, ingang gevind het, is die stelling dat die Bybel die Woord van God is, sterk omstrede. Van die onderwyser word verder geëis dat hy *"gelowig"* moet wees⁽³⁾, en sodra van *"geloof"* gespreek

(2) Sien bylaag C, punt A 1-6.

(3) Sien bylaag C, punt C.

word, kom die vraag na die inhoud van die geloof vanselfsprekend na vore. Daar word ook klem gelê op die gesindheid van die onderwyser. (Later in dié hoofstuk word dié saak verder bespreek).

Maar nou eis die dogmaklousule (art. 53(4)) van die Transvaalse Onderwysordonnansie, soos reeds aangetoon, geen spesifieke dogma of gesindheid.

Voortvloeiende uit wat in die bestaande paragrafe gesê is, kan die begrip "*dogma*" en "*leerstelling*" soos volg nader gepresiseer word: Dogma is niks anders nie as die formulering van geopenbaarde christelike waarhede. Geen deel uit die Bybel "*as geïnspireerde Woord van God*" kan sonder dogmatiese uitsprake gesien word nie. Selfs net in die Naam, Jesus Christus, is die misterie van die twee nature van Christus vervat. Daarin lê ook tewens Sy ganse verlossingswerk kernagtig opgesluit. Duideliker gestel, is alle godsdiensoonderrig leerstellig en nie net die leerstellings daarin nie.

Om terug te kom tot die dogmaklousule: Dis verder duidelik dat die formulering daarvan negatief is, want dit sê wat nie gedoen mag word nie, maar sê niks wat wel gedoen moet word nie. Die implementering daarvan, soos aangetoon in die T.O.D.-sillabusse, is dus nie in ooreenstemming met die formulering daarvan nie.

'n Vierde riglyn vir die herformulering van die dogmaklousule is:-

Soos blyk uit die inleiding van die Transvaalse godsdiensoonderrigsillabusse verwag die Transvaalse Onderwysdepartement van die onderwyser om die godsdiensoonderrig nie neutraal te onderrig nie. Die ordonnansie behoort met die beleid in ooreenstemming gebring te word.

4.4 DIE EIS VAN DIE DOEL VAN GODSDIENSONDERRIG⁽⁴⁾

Ten spyte van die feit dat die betrokke dogmaklousule so negatief vertolk kan word, is daar tog mooi duidelike klanke te verneem uit die Transvaalse sillabus vir godsdiensonderrig vir laer- en middelbare skole.

Die leergang van die T.O.D. vir godsdiensonderrig in beide laer- en middelbare skole meld o.a. ter inleiding⁽⁵⁾ dat

"Aangesien geloof bestaan uit kennis en vaste vertroue, is dit noodsaaklik dat die kind deeglik op hoogte gebring sal word met die inhoud van die Bybel".

En in die volgende paragraaf⁽⁶⁾:

"By die bepaling van onderrigmetodes moet die onderwyser die einddoel van die vak nooit uit die oog verloor nie, nl. dat elke les die kind steeds nader aan 'n lewende, praktiese geloof in Christus, en so tot kennis, liefde en diens van God sal bring".

Dit is dus van kardinale betekenis, volgens die genoemde leergang, dat die kind, by die intellektuele kennis van God uit sy Woord, ook die dinge wat hy daaruit geleer het, met liefde sal omhels, daarin sal vertrou en dit sal aanvaar met die hart. Hiertoë sal hy slegs kan kom as hy insig verworf het in die leerstof, wanneer hy die sin en betekenis van die leerstof vir homself leer insien het. Hy wat kennis van die feite oor God maar ook die vertroue in God het, is 'n gelowige.

Tereg antwoord die Heidelbergse Kategismus op die vraag wat 'n ware geloof is, op voetspoor van die Woord van God soos volg:

-
- (4) Vgl. Departement Godsdiensonderrig en Bybelkunde, Pretoriase Onderwyskollege. Die metodiek van godsdiensonderrig op skool. ('n Ongepubliseerde metodiekdiktaat).
(5) Sien bylaag C, punt A4.
(6) Ibid., punt B1.

"'n Ware geloof is nie alleen 'n seker (gewisse) kennis waardeur ek alles vir waar hou wat God aan ons in Sy Woord geopenbaar het nie, maar ook 'n vaste vertroue, wat die Heilige Gees, deur die evangelie in my hart werk, dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid, deur God geskenk is uit loutere genade, alleen terwille van die verdienste van Christus". (7)

Die doel van godsdiensonderrig is dus om die kind te lei tot kennis van en vertroue in, of liefde vir God, dit wil sê tot geloof. En waar ons hoofsaaklik te doen het met verbondskinders wat merendeels gelowig is, is ons geroepe tot geloofsbou, dit wil sê uitbreiding van die kennis en versterking van die liefde sodat die leerling opgebou sal word in die allerheiligste geloof.

Die totstandbrenging van die geloof in die kinderhart is natuurlik buite die beheer van die opvoeder, want "*die geloof is 'n genadegawe van God*".⁽⁸⁾ Die opvoeder is egter geroepe om die boustene vir die geloof (die kennis en die liefde) aan te dra, en hierin is hy dus "*medewerker*", die instrument van die Heilige Gees as die Boumeester.

Die geloof sonder die werke is egter dood⁽⁹⁾, en 'n goeie boom moet noodwendig goeie vrugte dra. Dus volg as 'n noodwendigheid op die kennis van en liefde vir God ook die diens aan Hom.

En dit is dan die ware doel met godsdiensonderrig op skool: om die leerling te lei tot ware kennis, liefde en diens van God, sodat hy as 'n "*mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus*".⁽¹⁰⁾

Uit bostaande blyk nou dat geloofsbou 'n doel van die godsdiensonderrig is. Die geloof kan egter nooit inhoudloos wees nie. En wie hom met die inhoud van die geloof bemoei, bemoei hom met 'n saak waaroor die weë dogmaties uiteengaan.

(7) Heidelbergse Kategismus, Sondag VII, vr. 21.

(8) Vgl. Rom. 12:3; 1 Kor. 2:5; 12:9; Ef. 2:8.

(9) Jak. 2:17, 26.

(10) 2 Tim. 3:17.

'n Klousule wat spesifiek dogma verbied, staan dus in die weg van vormgewing en inhoudgewing van die geloof, verbied dus egte geloofsbou. Dus: Wie die letter van die dogmaklousule van die Transvaalse Onderwysordonnansie wil nakom, mis die doel van godsdiensoonderrig.

'n Vyfde riglyn vir die herformulering van die dogmaklousule is dan:-

Die onderwysordonnansie moet voorsiening maak vir positiewe inhoudgewing van die geloof, aangesien godsdiensoonderrig geloofsbou op die oog het.

4.5 DIE GELOOFSOORTUIGING VAN DIE ONDERWYSER

Die eis wat die doel van die godsdiensoonderrig stel, is geloofsbou. Dit kan alleen weer bereik word wanneer die onderwys 'n christelike karakter het en die skool beman is met onderwysers wie se geloofsoortuiging dienooreenkomstig is.

Dit is opmerklik dat die bepalings van Wet 39 van 1967⁽¹¹⁾ by die christelike begin. Tereg sê prof. Bingle in sy referaat voor die Kongres vir Opvoeding en Onderwys: *"Dit kon nie anders nie omdat die Afrikaner se lewens- en wêreldbeskouing ten diepste gefundeer is".*⁽¹²⁾

Die betrokke artikel in Wet 39 van 1967 kon egter nie 'n nadere presisering van die christelike karakter gee nie omdat hy die gees van 'n verskeidenheid van christelike benaderingswyses moet moontlik maak.

Die Volkskongres, reeds genoem, het in sy besluite die interpretasie van "*christelik*" in Wet 39 van 1967 soos volg geformuleer:

(11) Vgl. Art. 2(1)(a) van Wet 39 van 1967.

(12) Bingle, H.J.J. "Ons lewens- en wêreldbeskouing en Wet 39 van 1967". Referaat gelewer tydens die Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys in Pretoria, 29 Sept. tot 2 Okt. 1969. p.3.

"Die Kongres interpreteer die bepaling in die Onderwyswet No. 39 van 1967 oor die christelike karakter van die onderwys so dat hierdie christelike karakter ontleen sal word aan die Heilige Skrif in sy volle waarheid en vertrou dat die Christelik-reformatoriese erfenis van ons volk hierin tot volle gelding sal kom". (13)

As verdere motivering vir hierdie interpretasie wys die Kongres ook op *"die beginsel vervat in die aanhef van die Republikeinse grondwet, nl. die erkenning van die oppergesag van God op alle lewensterreine, dus ook wat die onderwys betref". (14)*

Wat die Transvaalse Onderwysordonnansie van 1953, art. 53⁽¹⁵⁾, betreffende die onderwyser egter nie sê nie, word in die inleiding⁽¹⁶⁾ van die Transvaalse Godsdiensonderrigsillabus as "noodsaaklik" gestel, nl. *"dat die vak onderrig sal word deur 'n gelowige onderwyser"*, en hy *"sal nie alleen tot die verstand van die kind spreek nie, maar ook tot die hart"*. Die sillabus stel daarby ook die *"gesindheid"* waarin die godsdiensonderrig aangebied sal word, as van groot belang.

"'n Gelowige onderwyser" impliseer volgens die Transvaalse Onderwysdepartement⁽¹⁷⁾ iemand wat self *"die Bybel as geïnspireerde Woord van God"* en die Skrif as christosentries bely. Hy sal sy godsdiensonderrig so aanbied dat hy *"nie alleen tot die verstand van die kind spreek nie, maar ook tot die hart"*.

Om godsdiensonderrig só aan te bied, moet die onderwyser self 'n in Christus herbore hart hê en aanhanger van 'n spesifieke dogmatiese siening wees.⁽¹⁸⁾ Maar hierdie soort aanbieding word deur die dogmaklousule verbied.

(13) Sien bylaag D, punt 2.1

(14) Bylaag D, punt 2.2

(15) Vgl. bylaag B, art. 53(5) en (6).

(16) Vgl. bylaag C, punt C.

(17) Bylaag C, punte A1 en 2.

(18) Vgl. punt 4.3 par. 3.

Soos reeds onder punt 4.3 hierbo gestel, moet wetgewing die onderwyser nie beperk in die uitoefening van sy taak nie maar hom vrylaat om die geloofsoortuiging wat hy deur sy lidmaatskap aan sy kerk as sy eie verklaar het, in sy onderwys uit te leef.

Vir die reformaties-christelike onderwyser behoort die sillabus van die Transvaalse Onderwysdepartement geen probleme in dié verband op te lewer nie. Vir die ongelowige onderwyser sal die uitvoering daarvan in die lig van die reformatories-christelike beskouing nie moontlik wees nie. Hy kan dan ingevolge art. 53(6) vrygestel word van godsdiensonderrig. Daar bestaan egter altyd nog die moontlikheid dat 'n ongelowige onderwyser wat verantwoordelik is vir 'n reformatories-christelike groep leerlinge, geen gewetensbesware het om wel godsdiensonderrig te gee nie. In so 'n geval kan dit verreikende gevolge hê! Die hoof van die skool of ouers het geen wetlike reg of mag volgens die Transvaalse Ordonnansie om teen 'n gelowige onderwyser op te tree nie. Daar is ook geen bepaling in die ordonnansie wat hom van enigeen van hulle afhanklik stel nie. Hier is dus weer 'n anomalie tussen die Onderwysordonnansie van Transvaal van 1953 en Wet 39 van 1967 wat bepaal dat met die geloofsoortuiging van die ouers rekening gehou moet word.

Tereg konstateer "Woord en Daad":

"Dat onderwysers met gewetensbeswaar teen die Godsdiensonderrig egter vrystelling van die doseer van hierdie vak mag verkry en dan tog die reg het om in ander vakke onderrig te gee, skyn egter in botsing te wees met Wet 39 van 1967 wat tog uitdruklik bepaal dat die karakter van die onderwys (dus: alle vakke) Christelik moet wees. Die vraag ontstaan: Hoe kan 'n onderwyser wat 'n gewetensbeswaar teen die doseer van Godsdiensonderrig het, Christelike onderwys gee?" (19)

(19) "Godsdiensonderrig in ons skole". Woord en Daad, Potchefstroom, Julie 1970. p.18.

Dit is dus duidelik dat dit noodsaaklik is dat die Provinsiale Ordonnansie in ooreenstemming gebring word met Wet 39 van 1967.

'n Sesde riglyn vir die herformulering van die klousule is:

Die Onderwysordonnansie behoort daarvoor voorsiening te maak dat die Onderwysdepartement deur middel van die hoof, en die ouers deur middel van bv. die skoolkomitee of ouerkomitee, kontrole oor die aard van die godsdiensonderrig wat die onderwyser gee, kan uitoefen.

4.6 DIE GELOOFSOORTUIGING VAN DIE OUERS

Van alle belanghebbende instansies in die onderwys is die eise van die ouers altyd die belangrikste. Die moderne lewe, met al sy gekompliseerde eise, het dit noodsaaklik gemaak dat die skool die ouers sal bystaan. Tereg sê dr. J.H. van Wyk:

"Die verantwoordelikheid van die ouers is eweneens primêr; die opvoeding van die kinders berus kragtens genadeverbond en doop, kragtens skeppingsorde en kragtens die verhouding in die ryk van genade, in die eerste plek by die ouers; hulle is geroepe om hulle kinders op te voed en daarom is hulle in die eerste plek verantwoordelik vir die opvoeding wat hulle kinders ontvang en vir die onderwys wat aan hulle gegee word". (20)

Die skool is die hulpinrigting wat sy opdrag in die eerste plek van die ouers ontvang het. Die ouers het die reg om die rigting en aard van die godsdienstige opvoeding van hulle kinders te kies. Hierdie reg het hulle van God ontvang as ouers van verbondskinders, met ander woorde 'n plig deur God hulle opgelê.

(20) Van Wyk, J.H. Wet No. 39 van 1967 en die ouer. Ongepubliseerde toespraak gehou op 16.5.'69 te Potchefstroom.

Die skool het dus die taak om die kinders, deur die ouers aan hulle toevertrou, in die gees en rigting van die ouers op te voed. By die bepaling van die inhoud van die onderwys, en in veral godsdiensoonderrig, moet daar dus met die lewens- en wêreldbeskouing van die ouer rekening gehou word anders kan 'n breuk tussen kind en ouer ontstaan. Soos die ouer graag die opvoeding van sy kind wou doen, so moet die onderwyser dit doen. Dit is dus noodsaaklik dat die oortuigings en beginsels van die ouers en kinders deur die onderwyser geken, onderskryf en eerbiedig sal word.

Die meerderheid kinders in die Afrikaansmediumskole (na raming 95%) is doop- of reeds belydende lidmate van die drie Afrikaanse Reformatoriese Kerke. Desnieteenstaande word per implikasie verbied dat die godsdiensoonderrig in die skole in ooreenstemming sal wees met die beskouinge van die huisgesinne en kerke waaraan die meerderheid leerlinge en onderwysers behoort, terwyl daar tog in dieselfde ordonnansie voorsiening gemaak word vir die klein minderheid andersdenkendes wat hulle kinders aan godsdiensoonderrig wil onttrek.⁽²¹⁾

Dit is, soos voorheen aangetoon, noodsaaklik dat die gees en rigting van die skool in ooreenstemming met die lewens- en wêreldbeskouing van die betrokke ouergemeenskap moet wees en dat die godsdiensoonderrig in die skool in ooreenstemming met die geloofsoortuiging van die ouers wie se kinders hierdie onderrig moet ontvang, moet wees.

Om hierdie Godgegewe taak só uit te voer, moet die onderwyser van die daartoe aangepaste en uitvoerbare sillabusse voorsien word wat as leerstofinhoud by bogenoemde omstandighede aangepas is. Hierdie gewenste toestand bestaan vandag nog nie in die openbare skool nie, want dit bestaan uit kinders van ouers van verskillende, selfs botsende, geloofsoortuigings wat almal gesamentlik dieselfde onderrig ontvang.

(21) Transvaalse Onderwysordonnansie No. 29 van 1953, Art. 53(2) en (3)

Die Provinsiale Ordonnansie behoort in ooreenstemming gebring te word met Wet 39 van 1967 (Art. 2(1)(a) en 2(1)(h)) wat bepaal dat die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge geëerbiedig moet word wat betref godsdiensoonderrig en godsdienstige plegtighede. Maar hieroor meer in die volgende paragrawe.

'n Sewende riglyn:-

Die reformatories-christelike kind het die reg om aanspraak te maak op reformatories-christelike godsdiensoonderrig, soos tewens elke gesindte die reg behoort te hê om, indien prakties uitvoerbaar, sy spesifieke soort godsdiensoonderrig te ontvang.

4.7 GELOOFSTUKKE VERSKILLEND GEÏNTERPRETEER

Die feit dat die onderrig in die openbare skole volgens die Transvaalse godsdiensoonderrigsillabusse ook die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Tien Gebooie en die Onse Vader mag insluit, verander weinig aan die aard van die godsdiensoonderrig in die skole soos voorgeskryf deur die dogmaklousule van die Onderwysordonnansie. Dit is foutief om te meen dat die Gereformeerde, Anglikaanse, Lutherse en diverse sektariese teologie die stukke eenders verstaan en dat dit derhalwe neutraal onderrig kan word, tensy bedoel word dat dit net deur leerlinge gememoriseer sal word, wat klaarblyklik nie die bedoeling is nie.

In die agste instansie sal by die herformulering van die dogmaklousule daarmee rekening gehou moet word dat selfs die basiese en algemeen aanvaarde geloofstukke verskillende geïnterpreteer word.

4.8 SAMEVATTING VAN RIGLYNE VIR HERFORMULERING VAN DIE DOGMAKLOUSULE

Die riglyne waartoe hierbo gekonkludeer is, kan nou kortliks soos volg saamgevat word:

- 4.8.1 Godsdiensonderrig moet met die lewens- en wêreld-beskouing van die ouers wie se kinders in die betrokke skool onderrig ontvang, in ooreenstemming gebring word.
- 4.8.2 Die geloofsoortuiging van die onderwysers moet met dié van die ouers wie se kinders hulle onderrig, ooreenstem.
- 4.8.3 Die onderwyser moet in die uitoefening van sy God-gegewe taak nie beperk word nie maar vry wees om sy geloofsoortuiging aan die kinders oor te dra.
- 4.8.4 Die onderwysordonnansie moet in ooreenstemming wees met die aanvaarde beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement soos dit deur die sillabusse weerspieël word.
- 4.8.5 Die onderwysordonnansie moet voorsiening maak vir positiewe inhoudgewing van die geloof, aangesien godsdiensonderrig geloofsbou op die oog het.
- 4.8.6 Die onderwysordonnansie moet voorsiening maak vir kontrole, nie net deur die Onderwysdepartement nie maar ook deur die ouers, oor die aard van die godsdiensonderrig wat die onderwyser gee.
- 4.8.7 Elke ouer behoort die reg te hê om aanspraak te maak op die spesifieke soort godsdiensonderrig wat sy kind moet ontvang.
- 4.8.8 Daar moet rekening mee gehou word dat selfs die basiese algemeen aanvaarde geloofstukke verskillend geïnterpreteer kan word.

4.9 VOORGESTELDE HERFORMULERING

Met bostaande riglyne in gedagte kan nou tot die herformulering van die betrokke dogmaklousule oorgegaan word.

Interessant is dit om daarop te let dat "*Woord en Daad*" ook 'n poging tot herformulering van dié dogmaklousule aangewend het, wat soos volg lui:-

"Erkende (geregistreerde) ouerorganisasies lê aan die Minister van Nasionale Opvoeding sillabusse vir Godsdiensonderrig voor vir goedkeuring, met dien verstande dat die Minister nie oor die leer daarin vervat moet oordeel nie, maar slegs oor die peil en opvoedkundige samestelling daarvan en moet toesien dat die strekking daarvan nie staatsgevaarlik of sedebederwend is nie. In sy beoordeling van die voorgestelde sillabusse handel die minister op advies van die Nasionale Onderwysraad". (22)

Die probleem met bogenoemde aanbeveling is natuurlik dat 'n Provinsiale Onderwysordonnansie nie die pligte van 'n minister van Nasionale Opvoeding kan vaslê nie. 'n Bepaling soos dié wat "*Woord en Daad*" voorstel, sal wel in die Wet op Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967) opgeneem kan word maar hoort nie tuis in Provinsiale wetgewing nie.

Die enigste bevredigende en korrekte uitweg ter oplossing van hierdie moeilike probleem skyn dus die volgende te wees:

Die Minister van Onderwys stel maatreëls daar (op advies van die Nasionale Onderwysraad wat die sake vir die Minister in besonderhede moet ondersoek en uitwerk) wat die volgende moontlik maak:

Gelykgesinde ouers moet hulleself in landswye organisasies saamsnoer en hulle organisasies by die Minister van Nasionale Opvoeding laat registreer. Om vir registrasie te kwalifiseer, moet hierdie organisasies aan sekere vereistes beantwoord (bv. 'n sekere aantal ingeskrewe lede hê, 'n

(22) Godsdiensonderrig: Transvaal. Woord en Daad, Potchefstroom. Augustus 1970. p.10.

christelike karakter en grondslag hê, 'n nie-staatsgevaarlike en/of sedebederwende strekking vertoon, ens.) Elke sodanige organisasie verkry sitting in die Nasionale Onderwysraad en stuur ook 'n verteenwoordiger na 'n kernsillabuskomitee vir godsdiensonderrig deur die Minister daargestel. Die kernsillabuskomitee bestaan dus uit opvoedkundiges deur die Minister benoem, sowel as verteenwoordigers van die geregistreerde ouerorganisasies.

Indien hulle mekaar kan vind, stel hulle één sillabus vir godsdiensonderrig op. Indien nie, word verskillende sillabusse aanvaar, maar dan net as bewys kan word dat daar werklik belydenisverskille bestaan tussen die verteenwoordigde ouerorganisasies. (Dit sal verhoed dat die drie Afrikaanse (Reformatoriese) Kerke mekaar die hande loslaat).

Aanvaarde sillabusse (deur die kernsillabuskomitee opgestel en deur die Minister op advies van die Nasionale Onderwysraad goedgekeur) word aan die Provinsiale Rade opgedra vir uitvoering.

Die enigste wat nou van die Provinsiale Rade verwag kan word, is om ordonnansies daar te stel of bestaandes so te wysig dat die sillabusse in nouste samewerking met die plaaslike ouers van elke skool uitgevoer word.

Daar word dus verder voorgestel dat die bestaande dogma- sowel as gewetensklousule verval en vervang word deur 'n klousule(s) wat die kritieke in hoofstuk 3 bespreek, sowel as die voorgaande riglyne, in ag neem.

Die volgende formulering behoort te bevredig:

In oorleg met die ouers (soos verteenwoordig in die skoolkomitee of beheerraad van die betrokke skool) kies 'n skool die godsdiensonderrigsillabus wat hy wil volg en adverteer die pos(-te) daaraan verbonde, met vermelding van die betrokke sillabus wat uitgevoer moet word. Ouers wat nie genoeg neem met die strekking van die sillabus nie, het

die reg om hulle kinders, na skriftelike kennisgewing aan die hoof, aan die godsdiensonderrig te onttrek, tensy minstens 30 leerlinge se ouers verkies om 'n ander goedgekeurde sillabus te volg. In dié geval kan 'n pos geadverteer word vir 'n onderwyser om dié sillabus uit te voer. Indien 'n bevoegde onderwyser nie gevind kan word nie, mag die betrokke ouers ook, na skriftelike kennisgewing aan die hoof, hulle kinders aan die godsdiensonderrig onttrek.

So 'n formulering is ook in ooreenstemming met Wet No. 39 van 1967, art. 2(1)(h), wat aan die ouer 'n plek in die onderwys toeken. Dit lê op een lyn met wat prof. Bingle in sy referaat voor die Volkskongres gesê het:

"Hierdie wet gee aan die Afrikaanse ouer die reg om 'n ouerorganisasie daar te stel wat betrokke sal kan wees by die wesentlike taak van die skool sodat hy medebepaler sal wees van die opvoedingsdoel, mensbeskouing en-verhoudinge, inhoud, metode, tug, organisasie, ja van die hele gees en karakter van die skool. Hiermee verkry hy die reg wat sy deel moet wees kragtens sy belydenis aangaande die wese van die ouerskap en kan hy sy verantwoordelikheid ten volle nakom". (23)

4.10 SAMEVATTEND

4.10.1 Hoewel die Transvaalse Onderwysdepartement godsdiensonderrigsillabusse saamgestel het wat by implementering in die klaskamer reformatories-christelik aangebied kan word, word dit aan bande gelê deur 'n dogmaklousule (subart. (4) van art. 53 van Onderwysordonnansie No. 29 van 1953) wat negatief geformuleer is, wat volgens sy geskiedenis 'n humanistiese oorsprong het, en wat kleurlose godsdiensonderrig tot gevolg het en dus ontkerstening langsamerhand in die hand werk.

(23) Bingle, op.cit., p.6.

4.10.2 Die onderwysbeleid van Transvaal, soos blyk uit die inleiding tot die godsdiensonderrigsillabusse, is dus ook nie in ooreenstemming met die Onderwysordonnansie nie, en laasgenoemde weer nie in ooreenstemming met die Nasionale Onderwyswet 39 van 1967 wat bepaal dat die onderwys 'n *"christelike karakter"* moet hê en dat met die geloofsoortuiging van die ouers rekening gehou moet word nie.

4.10.3 Daar word dus aanbeveel dat geregistreerde ouerverenigings wat aan bepaalde vereistes voldoen, verteenwoordiging verkry in die Nasionale Onderwysraad en kernsillabuskomitee. Die sillabuskomitee stel één sillabus op vir godsdiensonderrig; indien dit nie slaag nie en daar bewys van belydenisverskille bestaan, word meer as een sillabus opgestel en deur die Minister op advies van die Nasionale Onderwysraad goedgekeur en aan die Provinsiale Rade vir uitvoering opgedra.

4.10.4 Provinsiale Rade moet dan die huidige dogma- en gewetensklousules deur 'n nuwe klousule(s) vervang, wat kortliks op die volgende neerkom: 'n Skool kies in oorleg met die ouers die sillabus wat hy wil volg en adverteer die pos(te) daaraan verbonde, met vermelding van die sillabus wat gevolg gaan word.

4.10.5 Ouers wat nie genoeg neem met die gekose sillabus nie, het die reg om hulle kinders, na skriftelike kennisgewing aan die hoof van die skool, van godsdiensonderrig te onttrek, tensy minstens 30 leerlinge se ouers verkies om 'n ander goedgekeurde sillabus te volg, waarop 'n onderwysspos geadverteer kan word. Indien geen onderwyser gevind kan word nie, het die ouers nog die reg van onttrekking, soos reeds genoem.

4.10.6 Met so'n stelsel sal ons reformatories-christelike erfenis nie alleen behoue bly nie, maar kom ook die geloofsoortuiging van leerlinge en ouers tot sy reg en kry die ouers

die geleentheid om 'n positiewe bydrae te lewer tot die gees en rigting van elke skool en word ook omgesien na die belang van andersdenkendes.

Hierdie voorgestelde wysigings

beëindig die trekke van staatsoorheersing wat daartans in die skole op te merk val;

gee die protestants-christelike ouer die reg om sy seggenskap in die onderwys so uit te oefen dat uitvoering van sy doopbelofte in die skool ongehinderd kan voortgaan;

waarborg aan minderheidsgroepe 'n bevredigende godsdiensonderrig vir sover dit prakties uitvoerbaar is;

bevorder samewerking van gelykgesinde ouergroepe en sal verhoed dat die ouers behorende tot die drie Reformatoriese Afrikaanse Kerke mekaar die hande loslaat;

behoort 'n eeue-oue stryd tussen die staat ener syds en die ouergemeenskap en die kerk andersyds ten einde te bring.

--- oOo ---